**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**MUSIEK SG**
**(Tweede Vraestel: Musiek-geskiedenis en Vorm)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

**INSTRUKSIES:**

- Vraag 1 is VERPLIGTEND.
- Beantwoord enige TWEE vrae van Vrae 2, 3 en 4.
- Antwoorde moet duidelik genommer wees.
- Skryf duidelik en in ink.

## VRAAG 1
## VERPLIGTEND

1.1 Wat is die belangrikste funksies van elk van die volgende onderafdelings in sonatevorm?

1.1.1 Eksposisie (Uiteensetting) (2)

1.1.2 Brug (1)

1.1.3 Kodetta (1)

1.1.4 Ontwikkeling (1)

1.1.5 Heruiteensetting (Reprise) (1)

1.1.6 Koda (1)

1.2 Verduidelik VYF van die volgende: (10)

1.2.1 Opera buffa

1.2.2 Opus

1.2.3 Simfonie

1.2.4 Timbre

1.2.5 Operette

1.2.6 Leitmotiv

1.2.7 Variasie

1.2.8 Idée fixe


1.3 Noem die komponist van **AGT** van die volgende werke: (8)

1.3.1 *Verrassing Simfonie*


1.3.2



1.3.3




1.3.4




1.3.5 *Don Carlos*

1.3.6 *Rigoletto*

1.3.7 *Vioolsonates, Op. 96* (*Kreutzer*)

1.3.8 *Falstaff*

1.3.9 *Orfeo et Euridice*

1.3.10 *Strykkwartet in F majeur*, *Op. 18 No. 1*

1.3.11 *Tristan und Isolde*

1.3.12 *La Melodica Germanica*

1.3.13 *Harold in Italy*

**[25]**

**NB: BEANTWOORD ENIGE TWEE VRAE VAN VRAE 2, 3 EN 4.**

## VRAAG 2
## OPERA

2.1 Definieer *aria* en noem een aria uit die derde bedryf van Verdi se opera *Rigoletto*, asook die karakter wat hierdie aria sing. (4)

2.2 Beantwoord die volgende vrae:

2.2.1 Wat word ? laat agtiende-eeuse Duitse komiese opera met gesproke dialoog genoem? (1)

2.2.2 Noem TWEE Italiaanse komiese operas deur Mozart. (2)

2.3 Noem VIER tipiese kenmerke van Verdi se operas. (4)

2.4 Verduidelik kortliks die volgende in Wagner se Musiekdramas:

2.4.1 Libretto (2)

2.4.2 Orkes (3)

2.4.3 Leitmotivs / oneindige melodie (3)

2.4.4 Harmonie en tonaliteit (3)

2.5 Noem DRIE bekende musiekdramas van Wagner. (3)
**[25]**

## VRAAG 3
## DIE SIMFONIE EN SIMFONIESE TOONDIG

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Definieer *simfonie*. (2)

3.1.2 Noem EEN simfonie van J. Stamitz asook EEN tipiese stylelement van sy simfonieë. (2)

3.2 Beantwoord die volgende vrae:

3.2.1 Watter genre het al die volgende kenmerke? (1)

| een beweging, orkesmusiek, programmaties, laat-Romanties |
|---|

3.2.2 Noem TWEE programsimfonieë deur Berlioz. (2)

3.3 Noem VYF tipiese kenmerke van Haydn se simfonieë. (5)

3.4 Skryf kort aantekeninge oor Beethoven se *Simfonie No. 5 in C mineur*. Verwys na die

3.4.1 aantal bewegings (1)

3.4.2 stylkenmerke (3)

3.4.3 vorm (4)

3.4.4 tonaliteit (2)

3.4.5 openingsmotief (2)

3.4.6 timbre (1)

**[25]**

## VRAAG 4
## KAMERMUSIEK

4.1 Beantwoord die volgende:

4.1.1 Definieer *kamermusiek*. (2)

4.1.2 Definieer *strykkwartet*. (2)

4.1.3 Noem die komponis van die *Vierde Strykkwartet (1928).* (1)

4.1.4 Noteer die kenmerkende Hongaarse ritmepatroon wat in die *Vierde Strykkwartet (1928)* voorkom. (1)

4.1.5 Watter kamermusiekwerk is ? stel variasies op ? bekende lied van Schubert? (1)

4.1.6 Noem die instrument wat gebruik word vir *Klavierkwintet in A majeur* deur Schubert. (5)

4.2 Skryf kort aantekeninge oor Beethoven se strykkwartette. Verwys na

4.2.1 Beethoven se individuele styl. (3)

4.2.2 *Strykkwartet in F majeur, Op. 18 No. 1*. (4)

4.3 Bartók se *Musiek vir Strykers*, *Perkussie en Celesta* is ? voorbeeld van twintigste-eeuse kamermusiek. Noem SES stylkenmerke van twintigste-eeuse musiek wat in hierdie werk voorkom. (6)

**[25]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**